

DONAU/PRESTIGE-TOER

26 MEI – 9 JUNIE 2019

TOERPROGRAM

Mei

So 26 JOHANNESBURG

Ons vertrek op **26 Mei** om **23:15** met **Vlug KL 592** vanaf die **O.R. Tambo-lughawe** via **Amsterdam** na **Boedapest** en moet reeds om **20:15** op die lughawe wees.

Ma 27 AMSTERDAM – BOEDAPEST

Ons land om **10:25** in **Amsterdam** en vertrek om **14:25** met **Vlug KL 1977** na **Boedapest**, waar ons om **16:20** aankom. Ons gaan van die lughawe af reguit na ons hotel.

Daar word dikwels na Boedapest as "die Parys van die Ooste" verwys. Grasieus uitgesprei aan weerskante van die Donau vorm dié stad een van die skouspelagtigste panoramas wat Europa kan bied. Die heuwelagtige Boeda, afgeëts teen die blou lug, die bedrywige Pest met indrukwekkende antieke geboue, die pragtige Margarethe-eiland in die middel van die Donau, met sy goed versorgde tuine en parke en die argitektonies imponerende brûe wat die Donau oorspan, laat alles 'n onvergeetlike indruk op die besoeker.

Di 28 BOEDAPEST

Ná ontbyt vertrek ons op 'n besigtigingstoer van hierdie opwindende stad. Aan die Boeda-kant besoek ons die historiese Matthias-kerk met die ruitersstandbeeld van die eerste Hongaarse koning en die beroemde Vissermansbastion. Ons sien die enorme Boedavari Palota (koninklike paleis). Wanneer 'n mens bo van die heuwel af oor die stad kyk, bied dit 'n onvergeetlike panoramiese uitsig.

Ons besoek ook die oorkantste oewer waar Pest geleë is. Die sierlike Neo-Gotiese Parlementsgebou met sy 96 m hoë koepel lok vele besoekers en 'n besoek aan die indrukwekkende Millenium-monument, ook bekend as die Heldeplein, is werklik 'n besondere belewenis.

Ná die stadstoer ry ons per bus na **Szentendre** – 'n klein kunstenaarsdorpie sowat 40 minute se ry van Boedapest en 'n inkopieparadys duisend! Ons keer terug na Boedapest en gaan aan boord van die **MS Verdi**, ons tuiste vir die volgende sewe nagte. Die uitsig vanaf die boot oor die stad is pragtig.

Wo 29 BOEDAPEST

Vanoggend ná ontbyt het ons geleentheid om Boedapest op ons eie verder te verken. Om **12:00** vertrek die boot. Die Donau het 'n tydlose bekoring en bied al eeue lank inspirasie aan kunstenaars, digters, komponiste en musici. Dit was vanaf die vroegste tye 'n belangrike handelsroete en vele dorpe en stede het juis hierdeur aan die oewer van die rivier ontstaan.

Om **17:00** meer ons vas by **Sturovo**. Dit is moontlik om met 'n treintjie oor die brug te ry na **Esztergom** om Hongarye se grootste katedraal te besigtig. Die boot vertrek weer om **20:00**.

Ná aandete ontspan ons terwyl die **MS Verdi** rustig op die Donau vaar. Ons skep geleentheid om mekaar van nader te leer ken en nuwe vriendskappe te smee.

Do 30 BRATISLAVA

Vanoggend om **07:00** meer ons vas in **Bratislava** – Slowakye se hoofstad en ook die land se grootste stad met 'n bevolking van sowat 429 000. Die stad lê in die sogenaamde "drielandehoek" naby die Slowaakse grense met Hongarye en Oostenryk.

Die Bratislava-kasteel op 'n heuwel bokant die ou stad oorheers die stad. Die stad was reeds in die steentydperk deur die Kelte bewoon. Vier eeue lank het die noordelike grens van die Romeinse ryk deur die stad geloop en is verskeie fortifikasies opgerig. Nadat Slowakye onafhanklik geword het, het die kasteel die Slowaakse parlement gehuisves.

Diegene wat wil, kan 'n opsionele stadstoer per bus teen ongeveer €20 per persoon van die boot af onderneem. Dit is ook moontlik om op u eie die stad te verken en 'n deel van die stad met 'n toeristetrentjie te besigtig. Die boot vertrek weer om **13:00** en kom om **20:00** in **Wene** aan.

Vr 31 WENE

Vandag kry ons geleentheid om die skoonheid van hierdie musiekstad te ervaar. 'n Mens moet hierdie stad belêef, want wanneer ons sê dat daar in Wene perdekoetse rondry, dat daar skitterende barokpaleise staan, dat die Ring met sy kolossale geboue uniek is, dat jy daar heerlike wyn kan drink en dat kuns daar met 'n hoofletter "K" geskryf behoort te word, dan het 'n mens maar net 'n vae opsomming van die stad gegee, want dit kan 'n mens seker van baie stede sê. Maar Wene is anders – daar is atmosfeer! Daar is genoeg tyd om van die bekendste bakens te besoek soos die St Stephan-katedraal, die pragtige Hofburg se geboue, die bekende Staatsopera-gebou en die moderne Hundertwasserhaus en om koffie te drink in een van Wene se bekende koffiehuisse!

Vanaand woon ons 'n pragtige musiekkonsert by. Die boot vertrek môre-oggend om **06:00** na Dürnstein.

**Junie
Sa 1****DÜRNSTEIN**

Ons arriveer om ongeveer **14:00** by **Dürnstein**. Dürnstein is 'n bekoorlike klein dorpie in die Wachau-vallei en een van die gewildste toeristebestemmings in die streek. Die bekendste baken is die klipkasteel op die heuwel bokant die dorp. Die Engelse koning Richard *The Lion Heart* is in die 12e eeu hier as gevangene aangehou. 'n Mens kan deur die wingerde opstap na die kasteelruïne of rustig langs die oewer gaan stap tot in die atmosfeerryke historiese stadsdeel. Die huise hier dateer uit die 16e tot 18e eeu en die keisteenstraatjies hou 'n besondere bekoring in. Hier is buiten die wingerd se oes, volop appelkoosprodukte te koop wat wissel van likeur en ander drankies tot gegeurde seep of ingelegde eetgoed. Maak gerus 'n draai by die historiese begraafplaas wat vrolik vertoon met kleurryke blomme. Die pragtige blou-en-wit kerkoring in barokstyl word as een van die vallei se kenmerkendste argitektoniese skatte beskou en kan teen 'n minimale fooi besoek word.

Die Wachau-vallei is idillies mooi met lowergroen wingerde, digbegroeide heuwels, knus historiese dorpies, antieke kloosters en ou kasteelruïnes. Die vallei word erken as 'n Unesco-wêrelderfenisgebied weens die besondere kultuurlandskap. Dit is ook hier waar die Donau 'n aanskoulike haarnaalddraai maak.

Ons vertrek om **17:30** van Dürnstein na **Spitz**, waar ons om **18:00** aankom. Spitz is 'n klein dorpie in 'n bekende wynstreek. Die bekende heuwel in Spitz heet die Heuwel van 'n Duisend Mandjies, na aanleiding van die mandjies druiwe wat jaarliks daar geoes word.

Ons vertrek môre-oggend om **07:00** na Melk.

So 2 MELK – LINZ

Ons arriveer om **09:00** in **Melk**. Die abdy troon op 'n heuwel bokant die dorp uit. Benediktynse monnike het dit meer as 900 jaar gelede gebou. Dit is deur die eeue talle kere beskadig, maar is in die 18de eeu gerestoureer.

Staan gerus op die dek as ons aankom sodat u die volle beeld van die kolossale klooster kan inneem. Persone wat wil, kan afklim en die klooster besoek en later weer per bus aansluit by die boot wat verder vaar en om 11:00 vasmeer by **Pöchlarn**. Die boot vertrek om **12:30** na **Linz**, waar ons om **19:00** vasmeer.

Linz is Oostenryk se derde grootste stad en is ook bekend as die plek waar Hitler lank gewoon en as sy tuisstad beskou het. In die hoofstraat staan 'n monument ter ere van diegene wat in die pes-epidemies omgekome het. Linz is ook die plek waar Mozart en Anton Bruckner van hul simfonieë gekomposeer het. Die Lentos-kunsmuseum is 'n moderne gebou wat saans blou, pienk, rooi en pers verlig word.

Ma 3 PASSAU

Ons vertrek om **06:00** van Linz en kom om **13:00** in **Passau** aan.

Passau, een van die mooiste Duitse stede aan die Donau, lê in die suidooste van Duitsland teen die Oostenrykse grens. Dit is ook bekend as die Drierivierestad, want dit lê by die samevloeiing van die Donau, die Inn en die Ilz. Die St Stephan-katedraal is wyd bekend vanweë sy beroemde orrel, die grootste katedraalorrel ter wêreld.

Di 4 PASSAU – SALZBURG

Vanoggend om **09:00** ontskeep ons en vertrek daarna per luukse bus na **Salzburg**, waar ons twee nagte tuisgaan.

Op pad na Salzburg besoek ons die skilderagtige **Berchtesgadenerland**. Ons durf een van Europa se pragtigste bergpasse aan (indien die weer dit toelaat). Op 'n sekere punt moet ons oorklim in 'n spesiale bus om die smal kronkelweg tot op die 2 500 m hoë kruin van **Kehlstein** te volg, waar Hitler se beroemde Arendsnes, "Kehlsteinhaus", gebou is.

Die pad daarheen het besondere ingenieursvernuf geverg. Die laaste honderd meter is toentertyd met 'n hyser afgelê. Ons sal dit ook doen. Van die oomblik dat jy hier by die eindbestemming kom, staan jy gefassineerd by aanskoue van die ongelooflike, omringende natuurskoon sover die oog kan sien! Deesdae is die huis 'n restaurant. Dit het 'n kolossale venster wat 'n skitterende uitsig oor die Beierse (Duitse) en Oostenrykse Alpe bied. Vanaf die restaurant kan 'n mens nóg 'n entjie die berg uitklim om die wêreld rondom jou te bekyk. Woorde ontbreek om hierdie gesig te beskryf. Van hier reis ons voort na Salzburg.

Salzburg is die vierde grootste stad in Oostenryk en naas Wene definitief die mooiste. Die stad is pragtig tussen twee heuwels geleë – die Mönchs- en die Kapuziner-berg. Van albei heuwels het 'n mens 'n fantastiese uitsig oor die Salzach wat deur die stad vloei. Hierdie rivier deel Salzburg in twee – die ou en die nuwe stad. Die "Altstad" (ou stad) lê aan die voet van die Mönchsberg. Op hierdie berg lê die vesting Hohensalzburg, die grootste Middeleeuse kasteel in Europa wat heeltemal bewaar gebly het. Ons kan dit binne 5 minute per tandratspoor bereik. Behalwe dat ons dan die kasteel van nader kan bekyk, kry ons 'n onbeskryflik mooi uitsig oor die hele stad.

Wo 5 **SALZBURG – SALZKAMMERGUT**

Ons besoek vandag die Salzkammergut. Dit is Oostenryk se belangrikste vakansie- en ontspanningsarea wat deur Frans Josef as 'n "aardse paradys" beskryf is. Onbeskryflike natuurskoon ontvou voor die oog: skitterende panoramas van sneeubedekte bergtoppe, groen berghange, uitgestrekte woude, diepblou mere met kleurrike seilbootjies daarop, pragtige ou kastele en sprokiesmooi dorpie uitgesprei teen die hange van die berge en in die valleie.

Ons besoek **Hallstatt** – 'n verruklike klein dorpie tussen berg en meer. Tot net meer as 100 jaar gelede kon die dorpie slegs per boot of met behulp van trekdiere bereik word. Hallstatt is deur Unesco tot 'n wêreld-erfenisgebied verklaar.

'n Besoek aan die prentjiesmooi stadjie **St Wolfgang**, een van die gewildste vakansieoorde aan die Wolfgang-meer, is altyd die moeite werd. Hier kry 'n mens ook talle stalletjies waar aandenkings te kies en te keur is. Op versoek van vorige toerlede is vanaand se aandete uit die program gehaal om geleentheid te bied vir meer vrye tyd.

Do 6 **SALZBURG – PRAAG**

'n Baie opwindende dag wag op ons wanneer ons vanmôre na **Praag** ry. Ons ry deur die provinsie Oberösterreich (Hoër Oostenryk), wat 'n oppervlakte van sowat 12 000 km² beslaan en 'n tuiste aan nagenoeg 1,3 miljoen mense bied. Opvallend is die netjies bewerkte landerye, pragtige berglandskappe en sprokiesmooi dorpie met kleurrike huise en pragtige blombalkonne.

Op pad na Praag besoek ons die skilderagtige Middeleeuse dorpie **Cesky Krumlov**. Die dorpie self is tot 'n besondere historiese monument verklaar toe dit in 1992 in Unesco se register van monumente van wêreldbelang opgeneem is. Dis 'n belewenis om met die karaktervolle ou straatjies langs te wandel.

Praag is een van die mooiste stede ter wêreld en speel reeds eeue lank 'n sentrale rol in die Europese kulturele lewe. Dis ook bekend as die stad waar talle kunstenaars gewoon en gewerk het. Smetana komponer sy simfonie "My Vaderland", Kafka skryf sy beroemde werk "Die Protes" en Mozart vind hier die rus om sy operas te komponer. Praag kan met reg saam met Wene "musiekstad" genoem word.

Vr 7 **PRAAG**

Praag is werklik 'n besoekersparadys. Die bruisende Vltava-rivier (vroeër genoem Moldau) vloei onder talle pragtige ou brûe deur, waarvan die Karlsbrug 'n treffende voorbeeld is.

Praag het 'n uitmuntende argitektoniese skoonheid, merkwaardige monumente uit die Romeinse tydperk, wêreldberoemde Gotiese bouwerke en stadsuitleg, asook besondere artistieke juwele uit die Barok-, Renaissance- en Art Nouveau-tydperke. Hoewel die stad dikwels deur die eeue verwoes is, het hierdie erfenis behoue gebly.

Aangesien ons hotel in die ou stad geleë is, durf diegene wat kans sien die stad te voet aan. Dit is ook moontlik om met kleiner bussies deur die ou stad te ry. Vanmiddag is u vry om die stad op u eie te verken of om 'n opsionele bootvaart op die Vltava te onderneem. Daar is ook geleentheid vir 'n opsionele musiekkonsert vanaand of u kan vir oulaas oor die Karlsbrug gaan stap om na die pragtig verligte kasteel te kyk of die silhoeët teen 'n indrukwekkende sonsondergang te aanskou.

Sa 8 PRAAG – LUGHAWE

Vanoggend kan ons vir oulaas Praag te voet verken voordat ons na die lughawe vertrek vir die aansluitingsvlug na **Parys**. Ons vertrek om **15:25** met **Vlug AF 1083** na **Parys** waar ons om **17:10** land. Ons vertrek om **23:20** daarvandaan met **Vlug AF 990** na Suid-Afrika.

So 9 JOHANNESBURG

Ons land vanoggend om **09:55** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** met die allermooiste herinneringe aan 'n onvergeetlike toer.

Hierdie program is onderhewig aan veranderinge.